Voltydse dosent: Rekeningkunde

Centurion

Akademia beskik oor ’n vakature vir ’n voltydsde dosent in die Bestuurswetenskappe, met ’n spesialisasie in Rekeningkunde. Akademia brei steeds uit en die vakature het juis ontstaan danksy toenemende studentegetalle en as deel van toevoegings tot Akademia se portefeulje van grade en ander kwalifikasies wat hy aanbied. Die pos is in Centurion gesetel.

Akademia is ’n geakkrediteerde privaat hoëronderwysinstelling sonder winsoogmerk.

Om vir hierdie posisie in aanmerking te kom moet kandidate minstens oor ’n honneursgraad in ’n toepaslike rigting beskik. ’n Meesters- of doktorsgraad, interdissiplinêre belangstelling, ’n onderwyskwalifikasie asook kennis en ervaring van die hoëronderwysomgewing sal ook tot die aansoeker se voordeel strek. ‘n Bogemiddelde Afrikaanse en algemene taalvaardigheid sal in die kandidaat se guns tel.

Daar word van voltydse dosente verwag om ’n verskeidenheid akademiese en verwante take te verrig, insluitend die fasilitering van kontaksessies en die opstel van assesseringsinstrumente.

Indien jy in hierdie posisie by Akademia belangstel en by Akademia wil aansluit, rig asseblief jou Afrikaanse CV, vergesel van ’n dekbrief, voor of op 20 Januarie 2017 aan die kantoor van die akademiese hoof deur ’n e-pos aan stefane@akademia.ac.za te stuur.

Indien jy nie terugvoer binne drie weke ná die sluitingsdatum ontvang nie, kan jy aanvaar dat ander kandidate vir die pos oorweeg is. Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys by die departement van hoër onderwys en opleiding geregistreer. Akademia se registrasienommer: 2011/HE08/005. Akademia is ’n lid van die Solidariteit Beweging.